Sondag 20 September
Skrifgedeelte: Jakobus 1:12-18
Fokusgedeelte: Jakobus 1:12
Oproep om geduldig in geloof te volhard tydens versoeking

Anders as die woord beproewing, kan ons die woord *versoeking* in die negatiewe sin van die woord verstaan, want iemand wat in versoeking kom, moet nooit sê: *"Ek word deur God versoek"* nie (Jak. 1:13). Nee versoeking het 'n ander oorsprong en 'n ander doel.

Versoeking kom van die mens se eie sondige natuur, die gebroke wêreld waarin ons leef, en natuurlik die werke van die Bose. En hierdie drie aartsvyande van die gelowige se doel is altyd om die slegte en die sondige in die mens na vore te bring! Daarom sê Jakobus ook: *"... 'n mens word verlei deur sy eie begeertes wat hom aanlok en saamsleep"*, en bevrugte begeertes bring sonde en die sonde die dood (1:14, 15)! Dit is dus 'n miskenning van God se Heilige Naam om enige versoeking aan Hom toe te skryf.

Maar net soos beproewings, bring versoeking ook 'n toets vir geloof! In hierdie geval 'n toets vir standvastigheid en oorwinning (1:12) oor die aanslae van die vyand. Ook hierin het ons God geen valse beloftes gemaak nie (Ef. 6:12; Heb. 12:4; 1 Pet. 2:11), maar Paulus herinner ons egter aan die getrouheid van God (1 Kor. 1:9; 1 Tess. 5:24), en dat Hy nie sal toelaat dat ons bo ons kragte versoek word nie, en as die versoeking kom, sal Hy ook die uitkoms gee (1 Kor. 10:13)!

Versoeking sal daar altyd wees terwyl ons nog aan hierdie kant van die graf is, maar die aanmoediging is helder en duidelik, om ook geduldig in geloof te volhard tydens versoeking. Ons Here Jesus is ook eenmaal vir deur Satan self versoek, terwyl Hy vir 40 dae en 40 nagte niks geëet het nie (Matt. 4:1, 2), maar Hy kon sy oorwinningstog teen die Bose met goddelikke gesag begin en eindig aan die kruis op Golgota. En dit is alleen maar in sy Naam, en deur sy krag, dat ek en jy in geloof met geduld kan volhard en standvastig bly as ons so getoets word! "Gelukkig" is ons (1:12) dan as ons geduldig in geloof kan volhard tydens versoekings!

*Sing: Psalm 1-1:1, 4*
*Ds. OJ (Ockie) Struwig (Frankfort)*